Zip

Top Previous

Vanaf die Hoofkeusegids, kies die opsie soos aangedui in die skerm hierna.



Die volgende skerm sal nou verskyn.



Die program se versuimwaarde is die gids wat u gespesifiseer het waar u u rugsteun wil maak. U huidige profiel se naam word ook gebruik. Indien u die plek waar u dit wil stoor, wil verander, kliek op "Blaai na...". Kies dan die gids soos in voorbeeld hieronder en tik die leêrnaam in. Die program sal self die .zip agtervoegsel vir u insit.



Die skerm moet dan soos volg lyk:



Kliek op "Volgende" om voort te gaan.

Die volgende skerm wys al die leêrs wat gezip gaan word. U kan ter enige tyd van die leêrs uithaal deur die betrokke lyn te kies en dan op "Verwyder" te druk. U kan ook enige ander leêr byvoeg deur op "Voeg By" te

kliek en die nodige leêr te soek en te kies. Die lys soos hieronder aangedui, sal dan die nuwe leêr ook vertoon.



Kliek op "Volgende" om voort te gaan.

'n Skerm soos die volgende sal dan verskyn.



U kan nou net op die "Zip" opsie kliek sodat al die leêrs in die zip-leêr geplaas kan word.

Let op die boodskap wat verskyn wanneer die aksie afgehandel is. Hierna kan u op die "Verlaat" opsie druk om uit te gaan.